POSBUS 273
GRAHAMSTAD
6140
15 AUGUSTUS 2012

DIE VOORSITTER
PORT ELIZABETH
6000

Geagte Heer/Dame

Hiermee doen ek aansoek vir die geadverteerde betrekking as skoolhoof van die Laerskool Kabega, soos deur u geadverteer in die nuutste Departementele vakaturelys vir skoolhoofde.

Ek is tans die Depaartementshoof van Hoërskool P.J. Olivier op Grahamstad sedert Januarie 1991. Die bestuurs- en administratiewe ondervinding wat ek gedurende my onderwysloopbaan van meer as twintig jaar opgedoen het, het my beslis toegerus vir die nuutste strategiese onderwysbenadering en die eise wat gestel word aan die skoolhoof van vandag.

Gedurende my onderwysloopbaan het ek ook uitgebreide ondervinding as bestuurder en senior en leier opgedoen. Dit dra grootliks by tot my begrip en kennis van kurrikulum en die suksesvolle voorbereiding van verskeie vakke soos Wiskunde, Afrikaans en Engels. Ek is ook reeds vir byna my hele onderwysloopbaan betrokke by ‘n gekombineerde skool en het myself gevestig ook as kenner van kurrikulêre onwikkeling van die leerder vanaf Graad R tot Graad 12.

Ek is tans besig met my B ED Honneurs graad by NMMU in bestuur van n skool en moet is met my laaste drie vakke besig om aan die einde van die jaar hierdie graad te kan voltooi.

U vereis ook ‘n vereis die vermoë vir Wiskunde onderrig vir graad 7 en huidiglik is ek verantwoordelik vir Graad 9 Wiskunde onderrig. Ek het alreeds ondervinding van Afrikaanse onderrig tot en met Gr 10.

My ondervinding van finasiële beplanning vir die rekenaarafdeling en bestuur hiervan aan Hoërskool P.J. Olivier as suksesvol, sal ook grootliks bydra daartoe dat ek op dieselfde waardes kan voortbou wat ook reeds by u skool gevestig is. P.J. Olivier is ‘n geintegreerde skool met leerders vanaf Graad R tot 12. Ons maak ook voorsiening vir LSEN-leerders wat binne die hoofstroom uiters suksesvol geintegreer word.

Die ondervinding wat ek oor vele jare opgedoen het, glo ek, maak my uiters geskik om die bestuur van Laerskool Kabega as bewese suksesvolle skool, tot verdere hoogtes aan te voer.

Vir meer inligting oor myself, my familie, kwalifikasies en ondervinding, verwys ek u na my ingeslote curriculum vitae en ingeslote dokumente.

Laastens wil ek u verseker van my lojaliteit en toewyding indien ek aangestel word in die pos waarvoor ek aansoek doen.

Die uwe

*E. Esterhuizen*

E. ESTERHUIZEN
HOD: REKENAARAFDELING
HOëRSKOOL P.J. OLIVIER
GRAHAMSTAD